These are in colour on original



# GERRIT MARITZ

GERHARDUS MARTHINUS (GERRIT) MARITZ was 'n uitmuntende wamaker en een van die vermoëndste manne op Graaff-Reinet voordat hy met sy trek van honderd waens en sewehonderd mense die beskawing vir die destydse wildernis verruil het.

Volgens die Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek het die beste en mooiste waens uit sy wamakery gekom. Dit is byvoorbeeld bewys deur sy eie sewe spoggerige kakebeenwaens waarmee hy op trek gegaan het: blou geskilder en nie met die ronde tente van die gewone kakebeenwaens nie, maar met platboog- of kaptente, wat hulle 'n mooier fatsoen gegee het.

Die produkte van sy wamakery was tekenend van die man self: 'n baie presiese persoonlikheid.

Maritz (gebore in die distrik Graaff-Reinet in Maart 1797 en oorlede in sy vroeë veertigs in Natal op 23 September 1838) was vir sy tyd 'n belese en ontwikkelde persoon. Soos in Die Huisgenoot se Gedenkuitgawe van die Groot Trek in Desember 1938 vertel word, was hy groot en fris gebou, met 'n donkervaal baard.

Daar bestaan geen portret van Maritz nie. Ons illustrasie hierbo is grotendeels gegrond op 'n denkbeeldige portret wat op kontemporêre beskrywings van die trekkerleier gebaseer is. (Suid-Afrikaanse Heldegalery, SA Biblioteek.)

Toe hy 22 was, het Maritz met die vyftienjarige Angenitha Olivier getrou, wat hom vier seuns en twee dogters geskenk het.

As Voortrekkerleier was daar soms die onverkwiklike botsings tussen hom en Potgieter en Uys, maar dan is mense met sulke sterk persoonlikhede ongelukkig ook dikwels minder buigsaam van gees.

Maritz het nietemin by sy tydgenote bekend gestaan as 'n godvresende man wat sy medemens gehelp het waar hy kon. Ofskoon hy kortgebonde was, het hy van 'n grap gehou en kon hy hartlik lag.

Hy was dan ook die leier na wie die trekkers in Natal opgesien het in hul donkerste uur nadat Retief op Hloma Amabutho vermoor is, Uys gesneuwel het en Potgieter Transvaal toe uitgewyk het. Maar dit sou Maritz nie beskore wees om sy mense in die deurslaggewende oorwinning aan te voer nie.

Liggaamlik verswak, het hy om elfuur daardie Septembernag in sy laer aan die oewers van die Klein Tugela gesterf. Op sy lippe was die versugting: "Dit het met my gegaan soos Moses, ek het die beloofde land gesien, maar bewoon sal ek dit nie."

Dit het berus by 'n man soos Andries Pretorius, wat uit die Kaapkolonie gekom het om hom by die trekkers aan te sluit, om te voltooi wat Maritz en andere aangevoer het.



# ANDRIES POTGIETER

ANDRIES HENDRIK POTGIETER, wie se trek van tweehonderd siele die eerste georganiseerde trek uit die Kolonie was, was in die distrik Tarka, waar hy gewoon het, 'n man van aansien.

Sy trek, wat uit mense uit die distrikte Tarka en Colesberg bestaan het, het net voor die winter van 1836 in die omgewing van die Vetrivier in die latere Vrystaat aangekom.

Volgens die beskrywing van tydgenote was Potgieter 'n groot man, sterk gebou en met 'n indrukwekkende voorkoms.

Sy baard en hare was donkerbruin met 'n rooi skynsel, en een bron verwys na die breërandhoed wat hy in die week gedra het, maar 'n hoëbolkeil met plegtighede.

Die illustrasie hierby is gegrond op sekere van daardie inligting, maar ook grootliks op 'n skets wat heel moontlik in 1837 gemaak is. Daar word gesê dat hy 'n man was met 'n goeie insig van sake en wat ook geweet het om gehoorsaamheid van sy onderhoriges af te dwing; hy het nie maklik teenstand geduld nie.

Potgieter is op 19 Desember 1792 in die distrik Graaff-Reinet gebore, en drie dae voor sy sestigste verjaardag op 16 Desember 1852 op Schoemansdal, Soutpansberg, oorlede. In die Suid-Afrikaanse geskiedenis staan sy verskille met en verwydering van ander trekkerleiers voorop.

En tog, sonder om op die besonderhede in te gaan, kan sy enorme aandeel in die oopstelling van die binneland vir die beskawing nooit oor die hoof gesien word nie.

Die Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek beskryf hom as 'n omstrede figuur wat deur veel bewierook en deur eweveel veroordeel is, maar sê ook dat die waarheid waarskynlik tussen hierdie uiterstes lê.

Hy was bedeeld met 'n kragtige persoonlikheid en natuurlike leierstalente wat hom tydens die ontplooiing van die Trek in Transvaal by uitstek die temmer van 'n woeste land gemaak het.

Potgieter was vier maal getroud en het sewentien kinders gehad, van wie twee by geboorte dood is.

Hy sou nog die erkende vryheid van Transvaal as Boererepubliek geniet, maar dit sou hom nie lank gegun word nie. Lang reise te perd, die spanning van menige veldtog en die borswater het sy kragte uitgeput. Hy is op Schoemansdal begrawe.

Potgieter was die stigter van die dorp Mooiriviersdorp of Vryburg, wat later herdoop is tot Potchefstroom – "Pot" vir Potgieter en "chef" vir die leier wat hy inderdaad was. H



# PIET UYS

PIETER LAFRAS (PIET) UYS was die eintlike leier van die trek van Jacobus Uys, sy bejaarde vader van diep in die sestig. Die geselskap het uit sowat honderd mense bestaan wat van Uitenhage af getrek het. Hulle was een van die laaste georganiseerde groepe wat die Kaapkolonie met die Groot Trek verlaat het.

Hoewel hy nie 'n lang man was nie, was Piet Uys goed gebou, met groot bruin oë, 'n vol baard, bruin hare en 'n sterk stem. Hy was vriendelik en hoog geëerd onder sy mense.

Uys is op 10 Julie 1797 op Potteberg (Swellendam) gebore en is op 11 April 1838 by Italeni dood.

Die bygaande illustrasie is gegrond op 'n denkbeeldige portret (Suid-Afrikaanse Heldegalery, SA Biblioteek).

Die Uyse het dit van die begin af laat blyk dat hulle hulle apart hou van die ander trekgroepe, maar besluit tog ook om Natal as woonplek te kies. Uys vind dit egter uiters moeilik om met Maritz saam te werk.

Ná die Bloukransmoorde word daar dringend na hom en Potgieter om hulp omgesien om staande te bly teen die plundermagte van Dingaan, maar gebrek aan samewerking loop uit op die nederlaag by Italeni, waar Uys sneuwel. Potgieter word van lafhartigheid beskuldig, en hy verlaat daarom Natal.

Uys se jong seun, Dirkie, het by Italeni saam met sy pa in die voorste geledere geveg en gesneuwel. (Geskiedkundiges is dit blykbaar nie eens oor hoe oud Dirkie was nie, want sy ouderdom word in verskillende bronne as twaalf, dertien en vyftien aangegee.) Dirkie word vandag nog as een van ons kinderhelde gehuldig, omdat hy sou geweier het om te vlug toe hy bemerk dat sy vader dodelik gewond was.

Wat val dadelik op as 'n mens die verskillende trekleiers so naas mekaar beskou? Vir eers hul onwrikbaarheid en vermoë om die leiding te neem, hul volharding in die sake waarin hulle geglo het.

Maar dan was daar ongelukkig ook die onderlinge verskille wat volgens sekere waarnemers so jammerlik herinner aan die Afrikaner van vandag. In die jaar van die 150ste herdenking van 'n magtige volksverhuising is die stryd onder mekaar dan ook eens so fel – en dit in die aangesig van die grootste gevaar.

*BRONNE:*
*In Search of South Africa (Morton); Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek; Drie Eeue, die Verhaal van ons Vaderland (Boeseken, Krüger, Kieser); Afrikaanse Kernensiklopedie; Afrikaanse Kinderensiklopedie; Die Huisgenoot se Gedenkuitgawe van die Groot Trek, Desember 1938; 500 jaar Suid-Afrikaanse Geskiedenis (Muller); Geskiedenis – Dink en Leerboekies St. 4 (Peacock, Cronje, Loots, Vivier); Die Groot Trek (Venter); SESA.*



# PIET RETIEF

PIET RETIEF sou die samebindende leier van die Groot Trek kon geword het, as dit nie was dat die Voortrekkers sulke inherente individualiste was nie. Hoogs bekwaam en geëer, sou die mantel van goewerneur wel dadelik op hom val die oomblik toe hy hom by die ander trekkers aansluit, maar hierdie aanwysing het ongelukkig nie die leierstryd laat verdwyn nie.

Hy was 'n sakeman, en waarskynlik ook die geleerdste onder die trekkers. Hy het met 120 weerbare manne en sowat honderd waens gekom, en in dié was ook sy vrou, Magdalena (vroeër die weduwee Greyling), en hul twee seuns en twee dogters. Sy dogters was albei so mooi dat dit aanleiding gegee het tot die naam van sy plaas by Riebeek-Oos – Mooimeisiesfontein.

Maar een van die tragedies in sy lewe was dat mislukte sakebedrywighede hom in 1832 vir 'n kort rukkie in die sogenaamde "debtors' yard" in die Grahamstadse tronk laat beland het.

Retief (gebore in die Wamakersvallei, Wellington, op 12 November 1780 en vermoor by Dingaanstat, Zoeloeland, op 6 Februarie 1838) was die skrywer van die beroemde Retief-manifes. Daarin het hy die redes bekend gemaak waarom die trekkers die Kaapkolonie verlaat, en 'n stuk of honderd jaar later sou 'n geleerde nog sê dat die geskiedenis van die hele Suid-Afrika tot op daardie tydstip net kommentaar op die Retief-manifes was. Miskien sou beweer kon word dat dit vandag nog die geval is!

Die geskiedenis van sy dood is oorbekend: hoe hy van Dingaan die belofte gekry het van 'n groot stuk grond, wat alles uitgeloop het op die verraderlike moord op hom en sewentig manskappe en 'n groot aantal agterryers.

Daar bestaan, sover bekend, geen outentieke afbeelding van Retief nie. Hy het op die Oosgrens wel 'n skildery van hom laat maak wat ongelukkig verlore gegaan het. Vir ons illustrasie het ons die bekende "identikit" gebruik wat deur dr. Eric Stockenström saamgestel is, gebaseer op die gesigte van Retief se broer en suster.

Uit oorlewering weet ons dat hy 'n man van middelmatige grootte was, effens donker van kleur, met swart hare en baard en ernstige maar vriendelike gelaatstrekke.

"Uit alles," skryf Die Huisgenoot in Desember 1938, "kry ons die indruk dat hy 'n gebore leier was, 'n man met 'n sterk persoonlikheid en groot deursettingsvermoë, maar daarby was hy sagmoedig en vriendelik van aard en 'n man van innerlike godsvrug. Die verslaendheid en gevoel van hulpeloosheid wat sy heengaan onder die trekkers veroorsaak het, was meteens die maatstaf van sy grootheid."